Predikante Pensioenfonds
Amptenare Pensioenfonds

27 Oktober 2023

Omsendskrywe 8 van 2023

Aan: Alle Deelnemende Werkgewers en lede van die Predikante en Amptenare Pensioenfonds

Geagte Werkgewers en Lede

DIE NUWE ONDERSKRYWER VAN DIE BEGRAFNISSKEMA: *SANLAM GROUP RISK*

Omsendskrywe 6 van 2023 wat oor die verandering van diensverskaffer vir die begrafnisskema gehandel het, verwys. In hierdie skrywe het ek genoem dat die verandering 1 November 2023 sal plaasvind en dat ek nader aan hierdie datum, weer met u sal kommunikeer.

Intussen sou u ook ‘n sms ontvang het wat van *Sanlam S*ky (*Sanlam Developing Markets*) afkomstig was waarin u verwittig is dat die onderskrywer verander is. Hierdie sms was verwarrend omdat dit nie die konteks van die verandering gegee het nie. Sommige lede het gedink die skema is gekanselleer en ander weer het gedink die fonds se groep skemas word geraak.

Ek het aanvanklik gemeen dat ek al die bank- en kontakbesonderhede van die nuwe diensverskaffer in hierdie omsendskrywe sal plaas maar dit gaan nou effe anders gebeur. Maandag die 30ste Oktober 2023 gaan *Sanlam Group Risk* ‘n verwelkomingsbrief aan alle werkgewers stuur wat die nuwe bankbesonderhede en ‘n unieke verwysingsnommer vir elke werkgewer bevat. Hierdie nommer moet in die toekoms met die oorbetaling van die premies gebruik word en nie byvoorbeeld die Kerk se naam nie. Enkele dae nadat hierdie verwelkomingsbrief gestuur is, sal daar weer ‘n brief van hulle kom waarin hulle u sal herinner aan die eerste skrywe. Dit is uiters belangrik dat u die premies vir November-maand in die nuwe rekening oorbetaal.

Daar is baie werk agter die skerms gedoen om seker te maak dat die data afkomstig van Sanlam Sky, ooreenstem met die premies wat ontvang is. Daar is foute opgetel en die verwagting is dat hierdie foute reggestel sal word gedurende Desember 2023 en Januarie 2024.

U sal in die toekoms een keer per jaar ‘n begrafnis-voordeelstaat ontvang wat saam met die pensioenfonds-voordeelstaat uitgestuur sal word. U geduld met hierdie verandering van diensverskaffer word waardeer.

Baie groete

TP Smith

TP SMITH: PENSIOENFONDSBESTUURDER

Sussexlaan 439, Lynnwood, 0081
Posbus 36430, Menlopark, 0102
E-pos: theo@pensioene.co.za
Tel: 012 342 0415
Pensioenfondsbestuurder: Mnr TP Smith